

Kategeet werkblad: 31 Januarie 2010

Teksgedeelte:

2 Korintiërs 9:6-15

Agtergrond:

(Vers 6) Paulus gebruik hier 'n algemene beginsel in die mense se lewens: “Hoe groter die hoeveelheid wat jy saai, hoe groter is die kans dat jy 'n opbrengs gaan lewer.”

Hy pas dit egter op die kollekte wat vir die gemeente in Jerusalem ingesamel moet word toe en sê: “Jy moet gee daaruit wat God jou mee geseën het.”

Die gedeelte is dus nie 'n manipulerende uitdaging om vir mense te sê dat hulle moet baie gee om baie te ontvang nie, maar eerder dat hulle gee uit dankbaarheid uit: daaruit wat hulle reeds ontvang het.

Hierdie seën verwys na die verhoudings waar binne die Korintiërs beweeg, dit is nie bloot aan die materiële te meet nie, maar is deel van die gemeenskap waaraan hulle behoort en die genade en vrede wat hulle daar binne ervaar.

(Vers 10) God voorsien aan hulle uit geregtigheid, Hy gee aan hulle wat hulle nodig het. Daarom kan hulle op God vertrou en ervaar hulle ook God se seën.

Die geloofsgemeenskap kan daarom ook net gee uit die wat hulle ontvang het – daaruit wat hulle het om te bied. God maak dit vir hulle moontlik om die gemeente in Jerusalem te help.

Paulus inspireer hulle uit opgewondenheid, uit die verbintenis wat kan ontstaan deur die ander gelowiges uit te help. Hulle word opgeroep om te gee uit hulle oorfloed en nie om hulleself te kort te doen nie.

Om te gee, kan op materiële vlak wees, maar ook op emosionele vlak. Om tyd te gee is ook om diensbaar en dankbaar te wees.

Aktiwiteit:

Tydens die oggenddiens se kollekte gaan 'n verteenwoordiger van die Christelike Maatskaplike Raad (CMR) die gemeente toespreek. Tydens die opening van die Graad 4-9 kategeese gaan 'n muntlegging gehou word ten bate van die CMR. Hierdie muntlegging gaan dan na die tyd in die kategesegroepe *review* word.

Reviewing:

Diamante:

- Aan wie het die geld gegaan wat ons vanoggend tydens die muntlegging daar geplaas het?
- Wat sê werk doen die CMR in ons omgewing?
- Wie gaan gehelp word uit die geld wat julle geskenk het?

Harte:

- Hoe het dit gevoel om geld te kon neersit wat jy weet ander mense gaan help?
- Wil een van julle dalk vertel van 'n keer toe jy in nood was en iemand jou gehelp het?
- Hoe het dit gevoel om gehelp te word?
- Hoe voel jy nou teenoor daardie persoon wat jou gehelp het?

Skoppens:

- Waar begin mens gewoonlik help? (Daarmee wat jy ken, wat jy tot jou beskikking het ens.)
- Watter dinge kan jy doen of het jy, waarmee jy ander mense kan help?
- Hoe sou julle sê het vanoggend se diens ons gehelp om te verstaan waaroor gaan "gee"?
- Moet mens altyd net geld gee?
- Moet mens altyd net met groot goeters help of kan kleindingetjies ook iets van God se genade wys?

Klawers:

- Hoe sou die Korintiërs daarby kon baat vind om die gemeente in Jerusalem te help?
- By watter dinge kan jy betrokke raak om ander mense te help?
- Hoekom help ons ander mense?